# Die merkwaardige skakel tussen geloof en swakheid

23 Mei 2012

*Die oorspronklike artikel is geskryf een maand ná die verpligte besetting van ons plaas deur die Zimbabwiese regering. Ons is drie maande gegee om van die plaas af te wees; hierdie was dus 'n maand in daardie tyd in geskryf. Ek het hierdie geskryf om mense te help verstaan watter diep geestelike stryd 'n mens tydens so 'n traumatiese tyd deurgaan. Ek vertrou dat hierdie 'n bemoediging vir jou sal wees, waar jy ookal in jou persoonlike stryd mag wees.*

Woorde is onvoldoende om ons opregte waardering uit te druk aan al die menigte Christene regoor die wêreld wat vir ons die afgelope paar weke in gebed gedra het. Ons voel dat ons nie al die wonderlike liefde en goedheid wat aan ons getoon is, verdien nie. Baie dankie aan julle almal.

Ek wil kortliks terugvoer oor die grondsituasie gee, maar belangriker nog, wil ek die wonderlike *geestelike reis* verduidelik waarop ek en Mandy ons bevind. Eerstens, ons huidige situasie. Daar is min hieroor te sê. Ons laaste besoek van die "nuwe inwoner" het sowat twee weke gelede plaasgevind en ons het nog niks verder gehoor nie. Ons is op vriendelike voet uitmekaar.

Ek het hom gevra om die brief van aanbod wat hy veronderstel is om te hê, asook 'n afskrif van die staatskoerant wat ons plaas vir besetting teiken, saam

te bring. Hy het my ingelig dat die dokumente in Harare wag om afgehaal te word en ek het hom meegedeel dat ek hom goedgunstig sou bystaan in sy verkryging van die plaas op die voorwaarde dat die dinge reg gedoen word, en dit beteken natuurlik dat die papierwerk in orde moes wees. Dit is nie nodig om kwaad en vol haat te wees nie.

Ek kry hom eintlik jammer omdat hy in 'n verskriklike greep van hoogmoed en gierigheid vasgevang is. Dit sal sekerlik vir hom en almal wat in daardie lokval getrap het, tot 'n val bring, ongeag aan watter kant van die draad hulle sit – dit is altans hoe ek dit van die Skrif verstaan. Ons staan dus op hierdie oomblik wat die plaasbesetting betref, by 'n status quo.

**Baie stemme**

Ek het soveel raad ontvang oor wat ek moes doen en wie ek moes sien, en hoe mense my met ander in verbinding sou bring wat *"my probleem vir my kon uitsorteer".* Ek het hulle vir die raad bedank maar dit van die hand gewys. Ek moes van die *"baie stemme"* onttrek sodat ek *God se stem* kon hoor. Ek het vir byna twee weke gewag en gewag. Toe kom besoek 'n goddelike swartman my en vra of hy 'n voorstel mag maak. Terwyl hy praat, het ek ervaar dat dit 'n woord van die Here was en ek het die raad versigtig gevolg. As gevolg van die sensitiewe aard van die situasie kan ek ongelukkig nie deel wat daardie raad was wat ek gevolg het nie. Ek wag vir die uiteinde van daardie een aksie.

Op 'n meer persoonlike vlak moet ek en Mandy onsself absoluut *in die hande van die Here* oorgee. Ek het die

besluit geneem om hierdie stryd op geen ander wyse te beveg nie, as deur *liefde, gebed, nederigheid en absolute afhanklikheid* op die Here om my stryd namens my op SY MANIER te voer! Dit het ons op 'n wonderlike geestelike reis geplaas. Ek dink die grootste les wat ek tot dusver hieruit geleer het, is *hoe baie nietig ek is* en hoe *BAIE GROOT* my Hemelse Vader is. 'n Paar Skrifgedeeltes het vir my 'n werklikheid geword – een in besonder:

> *2Kor 12:10 "Daarom het ek behae in swakhede ... Want as ek swak is, dan is ek sterk."*

Soos wat ek die mediadekking ontvang het wat deur my eenvoudige brief meegebring is, asook die baie boodskappe van bemoediging en terselfdetyd kritiek, het ek 'n afwaartse wenteling van diep *uiterste swakheid* beleef in 'n situasie wat veel groter was as wat ek in staat was om te hanteer. Hierdie was nie depressie nie, maar eerder 'n gewaarwording van my eie nietigheid. Soos ek afwaarts in die maalkolk van die verskriklike werklikheid van my eie nietigheid getrek is, het ek ervaar hoe ek terselfdetyd wonderbaarlik opgelig en in die holte van my Hemelse Vader se hand vasgehou en beskerm word. Albei van ons het 'n *bonatuurlike vrede, vreugde en sekerheid* gehad dat wat ookal sou gebeur, Hy ons daardeur sou neem, en Hy sou al die eer ontvang.

### Swakheid en geloof

Dan sien ek 'n merkwaardige skakel tussen *uiterste swakheid* (ek kan dit nie self doen nie) *en geloof* (my Hemelse Vader is almagtig en sy Woord is geheel en al

betroubaar). Kom ons kyk na een of twee voorbeelde uit die Skrif wat hierdie punt staaf.

Aan die einde van ‘n lang lys groot dinge wat manne en vroue van geloof vermag het, vind ons die volgende verse wat na die meeste, indien nie almal, van hierdie groot mense verwys:

*Heb 11:32-34 "... krag uit swakheid ontvang het ..."*

Een ding wat al hierdie helde in gemeen gehad het, was dat hulle almal swak was. Hier is een van hulle, ‘n kosbare vrou waaroor daar nie baie geskryf is nie, maar wie se eenvoudige daad van geloof uiteindelik in die hele nasie van Israel se verlossing van slawerny uit Egipte ontaard het.

Hierdie vrou is Moses se moeder (Hebreërs 11:23).

**Gee jou baba oor**

Dames, vertel my hoe julle sou gevoel het. Stel jou voor jy neem daardie kosbare bondeltjie vreugde, jou babatjie, jy gee hom ‘n laaste voeding en kyk hoe hy aan jou bors drink – moontlik vir die laaste keer – en dan, nadat jy windjies uitgeklop het, wieg jy hom saggies aan die slaap en lê hom liefderyk in ‘n rietmandjie neer wat met teer gesmeer is om te voorkom dat dit lek. Jy plaas ‘n kombersie oor die mandjie om te verseker dat jou babatjie van die fel Egiptiese son sou beskerm word. Dan stap jy versigtig die gevaarlike Nylrivier in met sy verraderlike waters wat om jou bene bruis – jy beur vorentoe totdat jy vrees dat jy deur die kragtige stroom meegesleur gaan word – en dan sak jy die mandjie versigtig in die water en jy maak seker dat dit dryf. Jy

kyk nog eenkeer met deernis na jou liefling babaseuntjie wat so rustig in die sagte kombersie lê, en jy soen daardie sagte wangetjie nog eenkeer. Dan stoot jy die mandjie saggies maar ferm weg van jou af weg om deur die Nyl waarheen ookal geneem kan word ...!

### ‘n Daad van geloof

Dink jy sy het op daardie oomblik sterk gevoel? Ek dink nie so nie. Ek dink sy het omgedraai en huistoe gehardloop, op haar bed neergeval, haar gesig in haar kussing gedruk en *bitterlik gehuil*. Sy het nietemin haar babatjie aan die Nyl gegee met haar geloof in God, want sy het geweier om die bose Farao se edik te gehoorsaam sodat haar baba wreed vermoor moes word. Sy sou haar kind eerder aan God op die Nyl toevertrou as om hom te laat doodmaak. Die Bybel noem hierdie daad van haar ‘n *daad van GELOOF* en dit word onder die helde van geloof opgeskryf.

Daardie daad was *nie dwaasheid nie* – dit was geloof. Dit is *nie roekelose onverantwoordelikheid nie*; dit is die daad om alles wat ‘n mens het, op die Here te werp, te weet dat jy *in jou eie krag magteloos is* om enige iets anders oor jou situasie te doen.

### Die dood

Die KRUIS was nog altyd ‘n simbool van Christenskap. Wat beteken dit? Dood! Jesus sê,

> *Joh 12:24“... as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.”*

Die volgende vers sê,

> *12:25 "Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe."*

Die hoogtepunt van swakheid is die dood. Paulus praat van die *"kruisiging van die vlees"* en hy sê, *"Ek sterf dag vir dag."* Wat beteken dit?

**Abraham en Isak**

Abraham het dit ervaar toe God vir hom gesê het om sy seun, Isak, te offer. Hy het 'n honderd jaar vir hierdie kosbare gawe – sy seun – gewag, en nou sê God dat hy sy kosbare seun van belofte moet offer! Agterna kan ons God se plan sien; ons weet dat God op die laaste oomblik vir Abraham gekeer het om die mes in sy geliefde seun te steek. Maar Abraham het nie op daardie oomblik daardie kennis gehad nie. Voordat Abraham sy seun sou doodmaak, moes hyself *tien duisend dode gesterf het*! Hoe sou hy aan sy vrou, Sara, verduidelik dat hy hulle enigste geliefde seun geoffer het?

Indien ons ooit in die geloof wil wandel, sal daar 'n tyd van *persoonlike "dood"* kom. Ek moet tot my eie drome, begeertes en plesier sterwe – ja, tot die lewe self sterwe. Slegs wanneer so 'n sterfte plaasgevind het, kan ons die *opstandingslewe* van ware oorwinning in Christus beleef. Voordat ons nie deur so 'n ervaring gegaan het nie, speel ons maar net in *die vlak waters van Christelike onvolwassenheid* en sal ons nooit veel vir sy koninkryk bereik nie. Die koninkryk van God gaan alles oor HOM en daar is daarom geen plek vir ons eie planne of eer nie.

**Gooi jou kroon neer**

Die ouderlinge wat soveel vir Jesus gely het en hul goue krone ontvang het, het voor die troon gesit. Toe die LAM te voorskyn kom as die enigste Een wat WAARDIG was om die boek te neem en die seëls te breek, het die ouderlinge voor Hom neergeval en hul krone voor Hom neergewerp. Hy alleen is waardig van al die eer en heerlikheid (Openbaring 4:9 – 5:8).

Die Here het dikwels met ons gepraat oor hierdie *beproewing* (om ons plaas te verloor), dat dit soortgelyk aan dié van Abraham was. Wonder bo wonder, terwyl ek en Mandy hierdie konsep van Abraham se beproewing bespreek het, het ons ons eposse oopgemaak en daar ontvang ons 'n epos wat ons op presies dieselfde gedagtegang bemoedig.

Ons weet nie of die mes die doodsteek moet gee, en of daar op die nippertjie, net soos met Abraham, 'n alternatiewe uitkoms sal wees nie. Maar een ding wat ons verseker weet, is dat die Here vir ons 'n *pad deur hierdie woestyn* sal maak, en ons het geheel en al vrede daaroor. Ons doelwit is nie om die plaas te behou nie. Die *sterwe tot ons eie begeertes en die opstanding tot God se volmaakte wil, is ons doelwit*. As ons die plaas as bonus behou, sal ons verheug wees, maar *ons hou dit met oop hande vas*.

Die een Skrif van rigting wat die Here vir my gegee het, wat bo alles uitstaan, is uit die Psalms:

> *Psa 74:18,19 "Dink hieraan: Die vyand het YHWH gesmaad, en 'n dwase volk het u Naam verag. Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie …"*

**Kwesbaar**

Ek voel heeltemal kwesbaar en ongelooflik klein in hierdie hele situasie. Die tortelduif (waarna die bogenoemde Skrif verwys) is seker een van die mees bedeesde, saggeaarde en onskuldige skepsels – geheel en al weerloos, *absoluut swak*. En tog is die Here in beheer! *"Want as ek swak is, dan is ek sterk."*

Dit is slegs wanneer ons onsself geheel en al in geloof op die genade van God werp, dat ons die bonatuurlike krag van God sien intree om namens ons op te tree. Ek wil sy weg, sy antwoorde, sy planne hê. *Dus moet ek sterwe*, en ek *doen dit gewillig* sodat sy lewe in my geleef mag word.

(Lees gerus my boek Nog 'n Plaas in Afrika om te ontdek hoe die Here hierdie situasie vir sy eer en vir ons beskerming en seën omgedraai het.)